# GRENDELTYD LES: 'n Man na God se hart 2

## 1. INLEIDING

Ons het die vorige paar aande na die eerste deel van Dawid se lewe gekyk, maar net soos met Moses is daar SO baie wat belangrik is dat ons nie alles in een aand kan doen nie. So ons gaan vanaand aan nadat Dawid koning geword het.

**Ysbreker: Groep kunswerk:** Kom ons kyk wat julle kan onthou van wat ons sover geleer het. Deel die gesin in twee groepe op. Elke groep kry skoon blaaie en gems of kryte. Hulle kry nou saam kans om as 'n groep als te teken wat hulle onthou van dit wat ons van Dawid geleer het. Gee so tien minute kans. Daarna kan elke groep hulle kunswerk kom wys en verduidelik wat die prentjies beteken.

Indien jy toegang tot die internet het is dit 'n goeie idee om weer die video clip met die opsomming van Dawid se lewe tot op hierdie punt te speel.

**Video clip**: https://youtu.be/OnNXbj6udy4

**Punte om te hersien:**

- Dawid was 30 jaar oud toe hy koning geword het;
- Sy beste vriend was Jonatan;
- Dawid word 'n man na God se hart genoem;
- Hy was 'n man na God se hart omdat hy gehoorsaam was aan God en gedoen het wat reg is;
- Die Bybel self sê vir ons dat Jesus 'n agteragterkleinseun van Dawid is.

## 2. Aktiwiteit 1: Spot the difference

Voordat ons verder gaan kom ons doen gou 'n klein aktiwiteit. Kyk wie kan eerste die spot the difference voltooi. As julle klaar is steek die leier sy/haar hand in die lug op.

## 3. VERHAAL - Dawid en Batseba

## 4. Aktiwiteit 2: Perderesies

## 5. VERHAAL - Absalom staan op teen Dawid

## 6. Aktiwiteit 3: Bou 'n tempel

## 7. VERHAAL - Planne vir die Tempel

## 8. Sluit af met gebed

## 3. VERHAAL - Dawid en Batseba

Terwyl koning Dawid een aand op die dak van sy paleis rondloop, het hy gesien hoedat 'n pragtige jong vrou in haar huis besig is om te bad.

"Wie is sy?" het hy gevra.

"Sy is Batseba, die vrou van Urija," het iemand vir hom gesê.

Toe laat Dawid haar haal, en sy het die nag by hom gebly. Sy is toe huis toe, en kort daarna het sy vir die koning laat weet dat hulle 'n baba gaan hê.

Dawid wou hê dat Urija moes dink dat hy die pa van die baba is, daarom het hy hom van die oorlog af laat haal. Maar Urija wou nie kom terwyl sy vriende almal besig is om vir hulle land te veg nie.

Dawid maak toe 'n ander plan. Hy laat weet vir sy generaal, Joab, om Urija voor te laat veg, waar hy maklik doodgemaak kon word.

Urija is toe dood, en Dawid het met Batseba getrou. Die Here was baie ontevrede oor alles, en het die profeet Natan gestuur om met Dawid te gaan praat.

Natan vertel toe vir Dawid van 'n ryk man wat 'n arm man se enigste lammetjie gesteel het. Toe Dawid dit hoor, het hy uitgeroep: "So iemand moet doodgemaak word!"

"Jy is die man," het Natan gesê. "God gaan jou straf omdat jy Urija laat vermoor en sy vrou gesteel het. Die baba wat julle gaan hê, sal nie lank leef nie."

Alles het gebeur soos Natan gesê het.

Toe hulle babaseuntjie gebore is, was hy 'n week lank siek, en toe is hy dood. Dawid en Batseba het later weer 'n seun gehad, wat hulle Salomo genoem het. Hy sou die volgende koning van Israel wees.

Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl. 130-131, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

## 4. Aktiwiteit 2: Perderesies:

Deel die gesin weer in twee groepe op: Absalom se weermag en Dawid se weermag. Laat hulle in twee rye staan. Gee vir die twee voorste gesinslede in die ry 'n besem/lang stok as 'n perd. Hulle jaag nou resies om te kyk wie hulle 'perde' die vinnigste om twee stoele en terug na hulle groep kan ry. Kom ons kyk watter groep wen.

## 5. VERHAAL - Absalom staan op teen Dawid

Dawid het 'n mooi seun, Absalom, gehad, wat graag wou koning wees. Voor dit kon gebeur, moes hy eers baie van die leiers van Israel aan sy kant kry sodat hulle teen sy pa se leër/weermag kon oorlog maak.

Hy kry toe 'n kar met perde en ry elke dag na die stadspoort toe. Daar het hy dan na al die mense geluister wat op pad was na die koning met 'n klagte. "As ek die regter was, sou ek vir julle meer gedoen het as die koning," het hy dan gesê. Toe was daar baie mense wat begin wens het dat hy liewer koning moes wees in plaas van Dawid en baie van die leiers was nou reg om hom koning te maak.

Absalom gaan toe na Hebron toe saam met 'n klomp leiers, en daar het hulle hom koning gemaak. Toe Dawid dit hoor, het hy gevlug en die mense wat hom gevolg het saam met hom gevat. Hy wou nie teen sy eie seun oorlog maak nie. Absalom het toe in Dawid se paleis in Jerusalem ingetrek en planne begin maak om sy pa dood te maak. Hy was vas van plan om koning te word.

Absalom het twee manne gehad wat vir hom raad gegee het, Agitofel en Gusai. Agitofel was getrou aan hom, maar Gusai was in die geheim getrou aan koning Dawid. Gusai het toe vir Absalom raad gegee wat goed gelyk het, maar eintlik nie so goed vir hom sou wees nie.

So het hy eendag vir Absalom gesê om met sy leër/weermag teen Dawid op te trek. Absalom het toe so gemaak, maar hy het nie geweet dat Gusai vir Dawid laat weet het om sy soldate reg te kry vir die geveg nie. Absalom se leër/weermag is toe verslaan, en Absalom is dood.

Sy plan om Dawid dood te maak, het nie gewerk nie.

Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl. 132-133, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers

## 6. Aktiwiteit 3: Bou 'n kerk

Deel die gesin weer in twee groepe. Gee vir elke groep Lego/boksies, 'n skêr en kleeflint. Hulle kry nou kans om saam as 'n groep 'n kerk te bou.

## 7. VERHAAL - Planne vir die Tempel

Koning Dawid wou graag vir die Here 'n tempel bou by die dorsvloer wat hy van Arauna gekoop het. Maar die Here wou dit nie toelaat nie, want Dawid was 'n man vir oorlog en het te veel mense doodgemaak. "Jou seun, Salomo, gaan my tempel bou," het God gesê.

Terwyl Dawid nog koning was, het hy begin planne maak vir die tempel. Hy het baie van die boumateriaal bymekaar gekry, en het 4 000 ton goud en 35 000 ton silwer bymekaargemaak. Hy het ook brons, yster, hout en klippe reggekry en werksmense gesoek vir die bouwerk.

Hierna het Dawid die leiers van die volk bymekaargeroep en vir hulle gesê dat Salomo die tempel sou bou soos wat die Here gesê het.

"Dien die Here," het Dawid vir Salomo gesê. "En bou sy huis. As jy met die Here is, sal Hy met jou wees. As jy teen Hom draai, sal Hy jou verlaat."

Toe het Dawid God voor die hele volk geprys en hulle het gesê: "Prys die Here." Later het Salomo koning geword oor Israel en die priester in sy tyd was Sadok.

Die hele volk het hom geëer en belowe om getrou te wees aan hom.

Verhaal geneem uit Gunsteling Bybelverhale vir kinders, bl. 138-139, V. Gilbert Beers en Ronald A. Beers